**DATE OF AUXIN: 28 August 2018**

**ENGLISH**

| | |
|---|---|
| AUXINS hosted by | The Centre for Teaching and Learning (CTL) |
| Title of Presentation | **CRIMINAL LAW 171 VIDEO PROJECT: BOLDLY GOING WHERE NO CRIMINAL LAW LECTURER HAS GONE BEFORE!** |
| Summary of Invitation | The CTL hereby invites you to a lunch-hour "padkos session" as part of the AUXIN Project. The AUXIN Project aims to create growth opportunities for SU lecturers. |
| Title and Name of Presenter | Dr Mary Nel |
| Short Biography | Dr Mary Nel is a senior lecturer in Criminal Law at the Department of Public Law. She is Chair of the Law Faculty's Teaching and Learning Committee and has received various accolades for innovative teaching, including an SU Excellence in Teaching Award in 2017. |
| Blurb | According to Cook-Sather (2010:555), "the most engaging, meaningful, and enduring education is that which affords students the opportunity to be actively involved – to be actors in their own learning." With this in mind, in 2017 I introduced an optional video project in Criminal Law 171, a compulsory year module for 1st/2nd year law students: Working in groups of five, about 1/3 of the class of 300 students handed in 60-90 second film clips illustrating and explaining Criminal Law-related concepts, cases or issues. Clips had to educate and inform their classmates about the law in an accurate, imaginative, entertaining, interesting and original way. There was a class screening with prizes for the best submissions, which were also made available on SUNLearn.<br><br>A video project is definitely the type of intervention that could be considered by any academic who wants to give students an alternative – and creative – mechanism by which to demonstrate their learning (Willmott 2015). It involved minimal extra lecturer effort since it was voluntary and student-directed/driven. Assessment was fast and straightforward – the clips were short, group work cut down on the overall number of submissions, and the mark awarded was an all-or-nothing extra 2% credit added to the year mark of students who met the prescribed criteria.<br><br>Introducing such a video project has a variety of potential benefits. Making film clips did indeed appear to encourage student-centred, active and collaborative learning. It gave students the opportunity to learn while they were teaching their peers and to reflect on the learning process. The group-work aspect of the project also promoted collaborative, cooperative learning. Its creative dimension helped challenge law students to move beyond their instinctive legal preference for the (left-brained) sequential and verbal, towards more (right-brained) visual, creative modes of learning, thus promoting a more "whole-brained", balanced learning orientation.<br><br>My presentation will use selected excerpts from the student video clips to illustrate/demonstrate how my desired academic outcome of more holistic, inclusive and active learning has been achieved by this intervention. |
| Key Words | Learning styles, active learning, collaborative learning, video clips |
| Date of Presentation | 28 August 2018 |

| | |
|---|---|
| Time | 12:45 – 13:45 |
| Venue | Den Bosch, 41 Victoria Street (opposite House Skuilhoek and directly behind the Conservatoire) |
| **Please RSVP by completing the Google form:** https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfqtAwQGhYM9nKv0JeZVpkyhGew7LqVX79QLYMo-aZlHE7C9w/viewform?usp=sf_link | |
| Enquiries | Ms Nothemba Nqayi<br>nothemban@sun.ac.za<br>021 808 3717 |
| More Information | A podcast will be available on the CTL website after the session: www.sun.ac.za/ctl |

**AFRIKAANS**

| | |
|---|---|
| AUXINS aangebied deur | Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) |
| Titel van Aanbieding | **STRAFREG 171-VIDEOPROJEK: ʼn STRAFREGDOSENT TOETS NUWE WATERS** |
| Opsomming van Uitnodiging | Hiermee nooi die SOL u graag na ʼn etensuurpadkossessie as deel van die Auxin-projek. Die Auxin-projek het dit ten doel om groeigeleenthede vir US-dosente te skep. |
| Titel en Naam van Aanbieder | Dr Mary Nel |
| Kort Biografie | Dr Mary Nel is ʼn senior dosent in Strafreg by die Departement Publiekreg. Sy is die voorsitter van die Fakulteit Regsgeleerdheid se Onderrig- en Leerkomitee en het reeds verskeie toekennings vir innoverende onderrig ontvang, insluitende ʼn US-toekenning vir Uitnemendheid in Onderrig in 2017. |
| Opsomming (“Blurb”) | Volgens Cook-Sather (2010:555): “the most engaging, meaningful, and enduring education is that which affords students the opportunity to be actively involved – to be actors in their own learning.” Met dít in gedagte het ek in 2017 ʼn opsionele videoprojek in Strafreg 171, ʼn verpligte jaarmodule vir eerste- en tweedejaar-regstudente, bekendgestel. Die projek het werk in groepe van vyf behels, en ongeveer ʼn derde van die klas van 300 studente het filmuittreksels van 60 tot 90 sekondes ingehandig wat strafregverwante konsepte, gevalle of kwessies illustreer en verduidelik. Die uittreksels moes hul klasmaats op ʼn akkurate, verbeeldingryke, vermaaklike, interessante en oorspronklike manier rakende die regte opvoed en inlig. Die filmuittreksels is in die klas vertoon, met pryse vir die beste voorleggings, wat ook op SUNLearn beskikbaar gestel is.<br><br>ʼn Videoprojek is beslis die soort intervensie wat deur enige akademikus oorweeg kan word wat aan studente ʼn alternatiewe – en kreatiewe – meganisme wil gee om hul leer te demonstreer (Willmott 2015). Dit het minimale ekstra werk van die dosent geverg, aangesien dit vrywillig en studentgedrewe was. Assessering was vinnig en eenvoudig – die uittreksels was kort, groepwerk het die totale getal voorleggings verminder, en die punt toegewys was ʼn alles-of-niks ekstra 2% krediet wat by die jaarpunt van studente gevoeg is wat aan die voorgeskrewe kriteria voldoen het.<br><br>ʼn Videoprojek soos dié hou talle moontlike voordele in. Die maak van filmuittreksels het oënskynlik studentgesentreerde, aktiewe en samewerkende leer aangemoedig. Dit het aan studente die geleentheid gegee om te leer terwyl hulle hul eweknieë onderrig en oor die leerproses te besin. Die kreatiewe dimensie het gehelp |

| | |
|---|---|
| | om regstudente uit te daag om verby hul instinktiewe regsvoorkeur vir die (linkerbrein-) opeenvolgende en verbale na die meer (regterbrein-) visuele, kreatiewe leermetode te beweeg, waardeur ’n meer ”heelbrein-”, gebalanseerde leeroriëntasie bevorder is.<br><br>In my aanbieding gebruik ek gekose uittreksels van die studente se videos om te illustreer en te demonstreer hoe my gewenste akademiese uitkomste van meer holistiese, inklusiewe en aktiewe leer deur hierdie intervensie bereik is. |
| Sleutelwoorde | Leerstyle, aktiewe leer, samewerkende leer, video-uittreksels |
| Datum van Aanbieding | 28 Augustus 2018 |
| Tyd | 12:45 – 13:45 |
| Plek | Den Bosch, Victoriastraat 41 (oorkant Huis Skuilhoek, direk agter die Konservatorium) |
| RSVP asseblief deur die volgende *Google Form* te voltooi: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfqtAwQGhYM9nKv0JeZVpkyhGew7LqVX79QLYMo-aZlHE7C9w/viewform?usp=sf_link | |
| Navrae | Me Nothemba Nqayi<br>nothemban@sun.ac.za<br>021 808 3717 |
| Meer Inligting | Na afloop van die sessie sal die potgooi beskikbaar wees op SOL se webtuiste: www.sun.ac.za/ctl |